# Afknouery

## Graad 4: PSW




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Beskerm jouself teen afknouery

**Boeliegedrag** is wanneer een of meer mense iemand dreig of hulle opsetlik seermaak. Bullebakke dink dat dit pret is om ander kwaad en hartseer te maak.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Voorbeelde van afknou-aksies

**Fisiek** afknou is as iemand jou stamp, skop of slaan.



# Voorbeelde van afknou-aksies

**Verbaal** afknou behels dreigemente, gespot, gerugte en tergery.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Voorbeelde van afknou-aksies

**Emosioneel** afknou beteken dat iemand verneder of uit 'n groep gesluit word.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Voorbeelde van afknou-aksies

**Kuber** afknou is wanneer mense lelike goed op sosiale media van jou sê of vir jou lelike boodskappe op jou selfoon stuur.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Voorbeelde van afknouery aktiwiteit

<u>Lees en beantwoord die volgende voorbeelde oor afknouery:</u>

**Gevallestudie**

Jy is op die veld tydens pouse en sien hoe Joe vir Thomas skop. Joe wil nie ophou nie en Thomas huil omdat hy seergekry het.

Wat sou jy doen as jy Thomas was?

**Gevallestudie**

Nomsa sê iets leliks oor Jessica. Jessica hoor wat Nomsa gesê het. Jessica word kwaad en ontsteld en skree op Nomsa.

Wat sou jy doen as jy Jessica was?

**Gevallestudie**

Michael en Mzwakhe speel krieket. Rohil kom roep vir Michael en los Mzwakhe in trane alleen.

Wat sou jy doen as jy Mzwakhe was?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Toepaslike reaksies op afknouery

Bullebakke is mense wat jaloers op jou kan wees of ongelukkig is. Hulle wil hê jy moet ook so voel. Soms is bullebakke bang dat niemand van hulle gaan hou nie. Hulle sal mense wat stil en rustig is en wat hulle nie sal aankla nie of mense wat anders is, afknou. Hulle kan op mense pik wat krukke of ‘n rolstoel gebruik of wat bril dra.

Om ‘n bullebak te hanteer beteken dat jy **selfgeldend** moet wees en moet leer om ‘nee’ te sê. Praat of tree sterk en doelgerig teenoor die boelie op.






Lae l Mikro K reg ©

# Toepaslike reaksies op afknouery

<u>Daar is baie maniere hoe jy jouself teen ‘n bullebak kan beskerm:</u>

1. Staan regop en **kyk hom in die oë**.
2. **Bly kalm** en moenie kwaad word nie.
3. Wees dapper en **stap weg** sonder om ‘n woord te sê.
4. **Soek hulp**. Vertel iemand – jou ouers, onderwyser of enige iemand anders wat jy vertrou.









Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoe om op afknouery te reageer (Bl.78)

## Gevallestudie: Jacob

Jacob word altyd kwaad in die klas en soek skoor met ander kinders op die speelgrond. Sy ouers was al 'n paar keer by die skool en het gekla dat die onderwysers nie genoeg doen om te keer dat die ander kinders hul seun lastig val nie. Jy weet egter dat hy ander uitlok om geboelie te word deurdat hy kinders in die klas terg, onbeskof is en kinders pootjie wat verby sy bank loop.

Jy stem nie met sy gedrag saam nie, maar jy stem ook nie met sy klasmaats se reaksies saam nie, selfs al vind jy Jacob ook irriterend en moeilik. Jy weet ook dat daar dikwels 'n bakleiery in sy gesin heers.




1. Wat kan jy doen om Jacob en die ander leerders in die klas te help?
2. Wie is die bullebak? En wie is die slagoffer?
3. Hoe beïnvloed Jacob se gesinslewe sy gedrag?
4. Dink jy dit sou die saak bevorder of verongeluk deur die ander leerders te betrek om Jacob se gedrag beter te verstaan? Waarom?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hoe om op afknouery te reageer (Bl.78)

## Gevallestudie: Lorna

Op die tweede dag in Graad 4 het Anna, 'n meisie in Lorna se klas, haar in die pad gestamp. Lorna het gedink dat Anna net speel en het haar terug gestamp. Die storie het in die skool begin versprei dat Lorna 'n boelie is. Anna was 'n lid van 'n groep meisies wat aangehou het om die gerugte oor Lorna te versprei. Hulle het haar ook begin bekruip op die speelgrond.

Party onderwysers het die stories oor Lorna geglo. Hulle het haar beskuldig dat sy Anna afknou en haar ouers oor haar gedrag gewaarsku. Lorna se ouers het elke tweede week met die skoolhoof vergader om haar te probeer oortuig dat Lorna die slagoffer was. Niks is daarna gedoen nie.

Die bullebakkery het drie maande lank met foonoproepe en dreigemente aangehou. Elke keer dat Lorna of haar ouers gekla het, het die onderwysers haar net in die gange aangegluur.



1. Wat kon Lorna se ouers doen om die skool te oortuig dat daar 'n probleem is?
2. Wie is in hierdie geval die boelie?
3. Hoe kan hierdie afknouery later vir Lorna raak?

Laerskool Mikro Kopiereg ©